# STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
# GOVERNMENT GAZETTE

REGULASIEKOERANT No. 3679 REGULATION GAZETTE No. 3679

PRYS (AVB ingesluit) 30c PRICE (GST included)

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer BUITELANDS 40c ABROAD Registered at the Post Office as a Newspaper

POSVRY · POST FREE

Vol. 225 PRETORIA, 2 MAART MARCH 1984 No. 9107


## GOEWERMENTSKENNISGEWING

## DEPARTEMENT VAN LANDBOU

**No. R. 433** **2 Maart 1984**

BEMARKINGSWET, 1968 (WET 59 VAN 1968)

SUIWELSKEMA.—PRODUSENTEPRYSE VAN VARSMELK

Ek, Jacob Johannes Greyling Wentzel, Minister van Landbou, maak hierby kragtens artikel 79 (b) van die Bemarkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968), bekend dat die Suiwelraad bedoel in artikel 6 van die Suiwelskema afgekondig by Proklamasie R. 290, 1978, soos gewysig, kragtens artikel 34 van genoemde Skema met my goedkeuring die verbod in die Bylae opgelê het.

J. J. G. WENTZEL, Minister van Landbou.

BYLAE

1. In hierdie kennisgewing het enige woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Suiwelskema afgekondig by Proklamasie R. 290, 1978, soos gewysig, geheg is, daardie betekenis.

*Produsentepryse vir varsmelk*

2. (1) Geen distribueerder of vrygestelde produsent mag varsmelk wat bestem is vir verkoop in 'n beheerde gebied in kolom 1 van die Tabel vermeld, van 'n produsent van varsmelk verkry nie teen 'n ander prys as die prys in kolom 2 van genoemde Tabel teenoor die betrokke gebied vermeld.

(2) Geen distribueerder of vrygestelde produsent mag varsmelk wat bestem is vir verkoop in die Natalgebied, van 'n produsent van varsmelk verkry nie teen 'n ander prys as 39,35c per liter van sodanige melk wat 3,63 persent bottervet bevat: Met dien verstande dat sodanige prys met 0,315c per liter verminder of vermeerder moet word vir iedere 0,1 persent bottervet wat sodanige melk onderskeidelik minder of meer as 3,63 persent bottervet bevat.

*Herroeping van verbod*

3. Die verbod by Goewermentskennisgewing R. 1457 van 1 Julie 1983 gepubliseer, word hierby herroep.

## GOVERNMENT NOTICE

## DEPARTMENT OF AGRICULTURE

**No. R. 433** **2 March 1984**

MARKETING ACT, 1968 (ACT 59 OF 1968)

DAIRY SCHEME.—PRODUCERS' PRICES OF FRESH MILK

I, Jacob Johannes Greyling Wentzel, Minister of Agriculture, hereby make known under section 79 (b) of the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968), that the Dairy Board referred to in section 6 of the Dairy Scheme published by Proclamation R. 290, 1978, as amended, has under section 34 of the said Scheme with my approval imposed the prohibition in the Schedule.

J. J. G. WENTZEL, Minister of Agriculture.

SCHEDULE

1. In this notice any word or expression to which a meaning has been assigned in the Dairy Scheme published by Proclamation R. 290, 1978, as amended, shall have that meaning.

*Producer prices for fresh milk*

2. (1) No distributor or exempted producer shall acquire fresh milk intended for sale in a controlled area specified in column 1 of the Table from a producer of fresh milk at a price other than the price specified in column 2 of the said Table opposite the area concerned.

(2) No distributor or exempted producer shall acquire fresh milk intended for sale in the Natal area, from a producer of fresh milk at a price other than 39,35c per litre of such milk containing 3,63 per cent butterfat: Provided that such price shall be reduced or increased by 0,315c per litre for every 0,1 per cent butterfat such milk contains below or above 3,63 per cent butterfat respectively.

*Repeal of prohibition*

3. The prohibition published by Government Notice R. 1457 of 1 July 1983 is hereby repealed.

*Inwerkingtreding*

4. Hierdie kennisgewing tree op 7 Maart 1984 in werking.

**TABEL**

PRODUSENTEPRYSE VIR VARSMELK

| Beheerde gebied | Prys per liter |
|---|---|
| 1 | 2 |
| (a) Transvaal | 39,85 sent |
| (b) Kaapse Skiereiland | 44,35 sent |
| (c) Bloemfontein | 38,85 sent |
| (d) Wes-Transvaal | 39,35 sent |
| (e) Noord-Natal | 39,35 sent |

*Commencement*

4. This notice shall come into operation on 7 March 1984.

**TABLE**

PRODUCER PRICES FOR FRESH MILK

| Controlled area | Price per litre |
|---|---|
| 1 | 2 |
| (a) Transvaal | 39,85 cent |
| (b) Cape Peninsula | 44,35 cent |
| (c) Bloemfontein | 38,85 cent |
| (d) Western Transvaal | 39,35 cent |
| (e) Northern Natal | 39,35 cent |

# INHOUD


| *No.* | | *Bladsy No.* | *Staatskoerant No.* |
|---|---|---|---|
| **Landbou, Departement van** | | | |
| *Goewermentskennisgewing* | | | |
| R. 433 | Bemarkingswet (59/1968): Suiwelskema: Produsentepryse van varsmelk | 1 | 9107 |


# CONTENTS


| *No.* | | *Page No.* | *Gazette No.* |
|---|---|---|---|
| **Agriculture, Department of** | | | |
| *Government Notice* | | | |
| R. 433 | Marketing Act (59/1968): Dairy Scheme: Producers' prices of fresh milk | 1 | 9107 |


Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001